

## Joël 2

1 Blaas die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die HERE kom, want hy is naby—

2 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag; soos die môreskemering, uitgesprei oor die berge, kom 'n talryke en magtige volk, wat van oudsher sy gelyke nie gehad het nie en dit hierna ook nie sal hê tot in die jare van die verste geslagte nie.

3 Voor hom uit verteer 'n vuur, en agter hom brand 'n vlam; voor hom lyk die land soos die tuin van Eden, en agter hom is dit 'n woeste wildernis; ook kan niks daaraan ontkom nie.

4 Sy voorkoms is soos dié van perde, en net soos ryperde so hardloop hulle.

5 Soos die gedruis van waens huppel hulle oor die bergtoppe, soos die geknetter van 'n vuurvlam wat die kaf verteer, soos 'n magtige volk wat vir die geveg opgestel is.

6 Vir hom bewe die volke van angs, alle aangesigte verbleek.

7 Soos helde hardloop hulle, soos krygsmanne klim hulle op die muur, en elkeen gaan sy eie koers; hulle verander nie van pad nie.

8 En die een druk nie die ander nie; elkeen gaan sy eie pad; en tussen wapens deur val hulle; maar hulle bly in gelid.

9 Hulle oorval die stad, hulle hardloop op die muur, hulle klim in die huise, hulle dring by die vensters in soos 'n dief.

10 Voor hulle bewe die aarde, sidder die hemel; die son en die maan word swart, en die sterre trek hulle glans in.

11 En die HERE verhef sy stem voor sy leërmag uit; want geweldig groot is sy leer, ja, magtig die uitvoerder van sy woord. Want die dag van die HERE is groot en uitermate vreeslik, en wie kan dit verdra?

12 Maar selfs nou nog, spreek die HERE, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geweene en rouklag.

13 En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die HERE julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil;

14 wie weet of dit Hom nie weer sal berou nie, sodat Hy 'n seën sal agterlaat—'n spysoffer en 'n drankoffer aan die HERE julle God.

15 Blaas die basuin op Sion, heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam!

16 Versamel die volk, heilig die gemeente, vergader die oudstes, versamel die kinders en die suiglinge! Laat die bruidegom uit sy kamer uitgaan en die bruid uit haar slaapvertrek.

17 Laat die priesters, die dienaars van die HERE, tussen die voorportaal en die altaar ween en sê: o HERE, spaar u volk, en gee u erfdeel nie oor aan smaadheid, dat die nasies met hulle spot nie; waarom sou hulle onder die volke sê: Waar is hulle God?

18 Toe het die HERE geywer vir sy land en sy volk verskoon.

19 En die HERE het geantwoord en aan sy volk gesê: Kyk, Ek stuur vir julle koring en mos en olie, sodat julle daarvan versadig word, en Ek maak julle nie meer tot 'n voorwerp van smaad onder die nasies nie.

20 Ja, Ek sal die sprinkaanswerm, uit die noorde afkomstig, van julle af wegjaag en dit wegdrywe na 'n dor en woeste land; sy voorhoede na die Oostelike See en sy agterhoede na die Westelike See toe. En sy stank sal opstyg, en 'n slegte reuk uit hom opgaan; want hy het alte groot dinge gedoen.

21 Wees nie bevrees nie, o aarde, juig en wees bly, want die HERE doen groot dinge!

22 Wees nie bevrees nie, diere van die veld, want die weivelde van die woestyn spruit uit, want die bome dra hulle vrugte, die vyeboom en die wingerdstok lewer hulle drag!

23 En julle, kinders van Sion, juig en wees bly in die HERE julle God, want Hy gee julle die leraar tot geregtigheid en laat op julle neerdaal die reën, die vroeë reëns en die laat reëns, soos voorheen.

24 Dan sal die dorsvloere vol koring wees en die parskuipe van mos en olie oorloop.

25 En Ek sal julle vergoed die jare wat die treksprinkaan, die voetganger, die kaalvreter en die afknyper verslind het—my groot leërmag wat Ek teen julle gestuur het.

26 Dan sal julle oorfloedig eet en versadig wees en die Naam van die HERE julle God prys wat wonderbaar met julle gehandel het, en my volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie.

27 En julle sal weet dat Ek in die midde van Israel is, en dat Ek die HERE julle God is, en niemand anders nie; en my volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie.

28 En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien.

29 En ook op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae my Gees uitgiet.

30 En Ek sal wondertekens gee aan die hemel en op die aarde: bloed en vuur en rookpilare.

31 Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom.

32 En elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, sal gered word; want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos die HERE gesê het, en onder die vrygeraaktes die wat die HERE sal roep.

### **Inleidend**

In Joël 1 is die sprinkaanplaag op sprinkaanplaag sowel as 'n verskriklike droogte beskryf en die ellende wat dit meebring het. Op grond van daardie oordeel van die Here oor sy volk en midde in die gevolge van daardie oordeel het die Here sy volk tot 'n nasionale dag van verootmoediging opgeroep deur sy profeet.

Hierdie oordeel wat gebeur het, was die voorskou van die dag van die Here wat naby is. Wat destyds gebeur het sal net meer intens wees wanneer die dag van die Here oor sy volk aanbreek. In Joël 2 beskryf die profeet dan hierdie dag van die Here wat aan die kom is en baie naby is.

Die hoofstuk begin met die opdrag om die ramshoring of basuin te blaas op die heilige berg. Hierdie opdrag word in vers 15 herhaal. Die vraag is of die twee basuine dieselfde sein gee of verskillende seine. Vir die antwoord hierop sal daar van nader gekyk moet word. Op die oog af lyk dit of dit twee verskillende seine kan wees. Die eerste een is vir die oproep tot oorlog, want die vyand is aan die kom – die vyand wat deur die Here as tugroede oor sy volk gebruik word. Die tweede een is vir die oproep tot verootmoediging aan die hele volk om bymekaar te kom by die huis van die Here vir vas en gebed.

Daar word egter aan die einde van die hoofstuk nog 'n keer van die dag van die Here gepraat. Is dit dieselfde dag van die Here as wat hier in die hoofstuk beskryf word of verwys dit na 'n ander dag van die Here wat in die toekoms sal aanbreek? Op die oog af lyk dit of hierdie verwysing aan die einde van Joël 2 na 'n volgende dag van die Here verwys.

Voordat daar met die nadere bestudering begin word, is dit goed om eers 'n geheel beeld van die hoofstuk voorhande te kry. Hier volg dan 'n voorlopige indeling van die

hoofstuk:

- 2:1-11 - Die aanbreek van die dag van die Here
  - 2:1-2 - Die nabyheid van die inval
  - 2:3-5 - Die verwoestende mag van die leërmag
  - 2:6-9 - Die meedoënloosheid van die leërmag
  - 2:10-11 - Die onvernietigbaarheid van die leërmag
- 2:12-17 - Oproep tot bekering
  - 2:12-14 - 'n Oproep tot persoonlike bekering
  - 2:15-17 - 'n Oproep tot 'n nasionale bekering
- 2:18-32 - Die uitkoms wat die Here skenk
  - 2:18 - Die Here se genadige antwoord
  - 2:19-27 - Die Here se belofde seën
  - 2:28-32 - Die Here se belofde geestelike seën

### **Vers 1 tot 11 – Die aanbreek van die dag van die Here**

#### **Vers 1 en 2 – Die nabyheid van die inval**

**Blaas die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die HERE kom, want hy is naby – 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag; soos die môreskemering, uitgesprei oor die berge, kom 'n talryke en magtige volk, wat van oudsher sy gelyke nie gehad het nie en dit hierna ook nie sal hê tot in die jare van die verste geslagte nie.**

#### **Vers 1**

Die Here gee aan die profeet die bevel dat die basuin in Sion geblaas moet word. Die woord wat ons met *basuin* vertaal, is *shophar* en kan ook vertaal word met ramshoring. Die tweede woord wat met *blaas alarm* vertaal is, beteken om 'n oorlogskreet te gee.

Die bevel is dringend, want die vyand is aan die kom. Almal in die stad en land moet gereedmaak vir die onafwendbare inval wat kom. Hierdie alarm moet in Sion – dit is Jerusalem – gemaak word en nog meer spesifiek, die alarm moet op die heilige berg – dit is die tempelberg – gemaak word.

Die inval is nie sommer maar net 'n inval van 'n kwaadwillige nasie nie. Hierdie inval hou verband met die volk se verhouding met die Here. Daarom moet die alarm in besonder op die heilige berg gemaak word.

Die blaas van die ramshoring en die maak van die alarm moet so dringend en oorverdowend wees dat al die inwoners van die land bewe. Hierdie is nie 'n bewe van skrik vir die aankomende vyand primêr nie. Al die inwoners van die land moet bewe van ontsag vir die Here. Die rede word immers aangegee in die vers self **want die dag van die HERE kom, want hy is naby**. Dit is die dag waarop die Here die volk gaan tugtig omdat hulle Hom nie meer eer as hulle eerste en vernaamste liefde nie.

## **Vers 2**

In vers 2 beskryf die profeet eers die dag. Dit is **'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag**. Dit is 'n dag wat iets onheilspellends inhou. Daar is duisternis – daar is iets onbekend aan hierdie dag. So onbekend dat 'n mens kan hoor die mense vra: Wat is aan die gang? Wat gaan gebeur?

Om die onheilspellende van die dag nog verder te beklemtoon word daar ook gesê dat dit **'n dag van wolke en wolkenag** is. Op 'n nag waar daar wolke en wolkenag heers, sien jy dinge gebeur maar jy kan nie mooi uitmaak wat aan die gebeur is. Dit is juis hierdie nie mooi weet nie wat die dag so onheilspellend maak.

Dit is tog opmerklik dat duisternis die plaag in Egipte was wat na die plaag van die sprinkane gekom het (Eks 10). Duisternis en wolke is gewoonlik tekens by oordeel en verwoesting in die Ou Testament (Jer 13:16; Eseg 30:3, 18; 32:7-8; 34:12; Amos 5:18-20; Sef 1:15). Duisternis en wolke word ook met die Here geassosieer wanneer Hy Homself as die magtige Oorwinnaar openbaar (Deut 4:11; 5:22-23; Ps 18:9, 11; 97:2).

Uiteindelik kom die profeet daarby uit om te sê wat hierdie dag van die Here so onheilspellend maak. Daar is **'n talryke en magtige volk** wat op die horison sy verskyning maak. Hulle is uitgesprei soos die môreskemering wat op die berge uitgesprei is. Hulle teenwoordigheid kan nie weggeredeneer word nie. So helder soos die môreskemering oor die berge uitgesprei is, is die magtige volk aan die kom. Daar

is ook nie keer aan hulle. So seker as wat die helder strale van die son binne oomblikke oor die rante van die berge gaan kom, so seker gaan hierdie magtige volk sy opwagting by die volk van die Herre maak.

So 'n talryke en magtige volk wat teen die volk van die Here optrek, was daar nog nooit nie en sal ook in die verre toekoms nie sy gelyke hê nie. Hierdie onvergelyklike van die magtige volk herinner aan die onvergelyklike van die sprinkaanplae waaroor Joël die volk in die eerste hoofstuk uitgevra het (Joël 1:2).

### **Vers 3 tot 5 – Die verwoestende mag van die leërmag**

**Voor hom uit verteer 'n vuur, en agter hom brand 'n vlam; voor hom lyk die land soos die tuin van Eden, en agter hom is dit 'n woeste wildernis; ook kan niks daaraan ontkom nie. Sy voorkoms is soos dié van perde, en net soos ryperde so hardloop hulle. Soos die gedruis van waens huppel hulle oor die bergtoppe, soos die geknetter van 'n vuurvlam wat die kaf verteer, soos 'n magtige volk wat vir die geveg opgestel is.**

### **Vers 3**

Die woorde in vers 3 herinner aan die gebed van die profeet in 1:19-20. Daar het hy genoem dat die weivelde van die woestyn deur 'n vuur verteer is en die bome van die veld gebrand het. Die nagevolge van die sprinkaanplae het die wêreld laat lyk soos wanneer 'n brand alles verwoes het.

Hierdie talryke en magtige volk wat as tugroede na die volk van die Here oppad is, doen dieselfde as die sprinkane. Wat nog voor hierdie volk is, word deur 'n vuur verteer en hy laat 'n vlam wat brand agter. En om die nagevolge van die vyand se werk nog duideliker te maak, word 'n vergelyking getref. Voor hierdie vyand lyk dit soos die tuin van Eden. Maar as hulle verby getrek het, laat hulle 'n woeste wildernis agter. Alles agter hulle lê in puin en verwoesting. Daar bly letterlik niks oor agter hom nie, want niks kan aan sy verwoesting ontkom nie.

### **Vers 4 en 5**

Die vyand se voorkoms word met die van perde vergelyk en hulle hardloop soos ryperde. Die gedruis van die vyand klink soos die gedruis van waens en waar hulle

besig is, klink dit soos die geknetter van vlamme wat die kaf verteer. Dit is 'n hele oorlogsmasjinerie wat die profeet beskryf. Daar is spoed en getalle en dit rol net voort. Dit is 'n onkeerbare mag.

Die profesie van die vyandige volk wat as tugroede deur die Here aangewend word en die profesie rakende die sprinkane van hoofstuk 1 vervloei op 'n manier hier. Sprinkane lyk op 'n manier soos klein perdjies. Die direkte vertaling van die Italiaanse woord vir sprinkaan is *klein perd*. Daarom is hierdie ooreenkoms tussen die sprinkaanplae wat verby is en die aankomende vyandige leërmag onvermydelik. So vinnig as wat die sprinkane beweeg, so vinnig beweeg die leërmag. So verwoestend as wat die sprinkane was, so verwoestend sal die leërmag ook wees.

Aan die einde van vers 5 word die eerste keer 'n woord gebruik wat dui op 'n oorlog – *geveg*. Die onheilspellende atmosfeer wat geskep is met die eerste twee verse kry nou 'n konkrete verwysing van 'n skrikwekkende oorlog wat op pad is. Perde is gewoonlik simbool van oorlog en gevegte.

### **Vers 6 tot 9 – Die meedoënloosheid van die vyand**

**Vir hom bewe die volke van angs, alle aangesigte verbleek. Soos helde hardloop hulle, soos krygsmanne klim hulle op die muur, en elkeen gaan sy eie koers; hulle verander nie van pad nie. En die een druk nie die ander nie; elkeen gaan sy eie pad; en tussen wapens deur val hulle; maar hulle bly in gelid. Hulle oorval die stad, hulle hardloop op die muur, hulle klim in die huise, hulle dring by die vensters in soos 'n dief.**

#### **Vers 6**

Die verwoestende mag van die aankomende vyand laat die volke bewe. Dit is nie maar net die volk van die Here wat angswekkend die koms van die tugroede van die Here aanskou nie. Alle volke bewe van angs oor hierdie leërmag wat in aantog is. Elkeen wat die aantog sien sowel as die verwoestende werking van die leërmag is spierwit geskrik oor wat hulle sien.

#### **Vers 7 en 8**

Die liggaamshouding van die leërmag wys dat hulle vasberade is om dit wat voor

hulle is plat te vee. Hulle kom nie soos iemand wat miskien kan oorwin nie. Hulle liggaamshouding wys dat hulle dit vir hulleself uitgemaak dat hulle gaan oorwin – hulle hardloop soos helde.

Soos vaardige krygsmanne klim hulle op mure. Stadsmure wat bedoel is om die stad te beskerm en dit vir die vyand moeilik te maak om die stad te betree, is vir hierdie aankomende leërmag bykans geen hindernis nie. Hulle is ervare in die oorlogvoering. Die muur is vir hulle geen hindernis nie.

Vasberade is elkeen van die leërmag op sy eie koers. Hy is deel van hierdie groot oorlogsmasjien en hy het sy taak om voor hom uit te voer. Daarom hou elkeen sy koers en niemand van hulle verander koers in die opmars nie. Elkeen se taak is so presies en hyself is presies in die uitvoering daarvan dat die een nie eers teen ander een druk nie. Elkeen gaan net reguit vorentoe op sy pad.

Selfs al val daar van die makkers rondom hulle, bly hulle in gelid. Selfs al val die mense wat aangeval word in hope onder hulle aanslag, bly hulle in gelid. Die dood van hulle makkers skrik hulle nie af nie. Niemand van hulle raak verward nie. Die dood van die wat aangeval word, laat hulle ook nie verslap nie. Soos een groot oorlogsmasjien rol hierdie leërmag maar net voort. Hierdie leërmag toon blykbaar geen emosie nie. Elkeen voer net pligsgetrou sy opdrag in hierdie groot masjien uit.

### **Vers 9**

Die stad word deur die hordes oorgeneem. Dit is asof daar net nie gekeer kan word nie, want hulle is net te veel. Dit is onvermydelik om die ooreenkoms met die sprinkane van hoofstuk 1 hier raak te sien. Soos krioelende sprinkane hardloop hulle op die mure en klim hulle in huise in. Enige opening – nie net die deure nie maar selfs die vensters – geen toegang vir hierdie hordes.

So meedoënloos soos 'n swerm sprinkane so meedoënloos rol hierdie leërmag die stad en elke holte in die stad binne. Daar is geen manier waarop 'n mens kan keer nie.



## **Vers 10 en 11 – Die onvernietigbaarheid van die leërmag**

**Voor hulle bewe die aarde, sidder die hemel; die son en die maan word swart, en die sterre trek hulle glans in. En die HERE verhef sy stem voor sy leërmag uit; want geweldig groot is sy leë, ja, magtig die uitvoerder van sy woord. Want die dag van die HERE is groot en uitermate vreeslik, en wie kan dit verdra?**

### ***Vers 10***

Dit is nie alleen die volke wat voor hierdie vyandige leërmag bewe nie (Joël 2:6), self die aarde bewe en die hemel sidder. Wanneer hier van aarde en hemel gepraat word, dink 'n mens aan die kere wat die Here die aarde en die hemel as getuies roep wanneer Hy sy volk in 'n hofsaak daag (vgl. Ps 50:4).

Die feit dat die aarde bewe en die hemel sidder voor die vyand laat 'n mens inderdaad ook beseef dat hierdie vyand nie maar net 'n gewone menslike vyand is nie. Hier is meer as wat sommer net so op die oppervlak gelees word. In die Psalms en by die ander profete hoor 'n mens dat die aarde bewe en die hemel sidder wanneer die Here in sy toorn tot sy volk nader om te oordeel (Ps 18:8; Nah 1:5; Open 6:12; 20:11).

Selfs die son en maan word swart en die sterre trek hulle glans terug. Die ganse skepping hou asem op oor wat aan die gebeur is. Die kroon van God se skepping – die mens – en in besonder die uitverkore volk van die Here is in die gerig van die heilige God.

### ***Vers 11***

Dit is inderdaad nie sommer met net 'n oppertunistiese vyand wat oor die aarde trek en die volke laat bewe van angs nie. Die Bevelvoerder van hierdie aankomende leërmag is die Here van die verbond self. Die Here laat sy stem voor sy leërmag hoor. Gewoonlik is weg die Here vir sy volk, soos in die dae van Josua, die rigters en Dawid. Maar hier is die Here die aanvoerder van die leërmag wat teen Israel optrek.

Dan word die grootheid en die talrykheid van die leërmag weer beklemtoon soos vroeër in die hoofstuk en in die vorige hoofstuk (Joël 2:2; 1:6). Die leërmag is geweldig groot en magtig, en dit word genoem die leërmag van die Here en die uitvoerder van sy woord.

Nou kry die dag van die Here 'n totaal ander perspektief vir die volk van die Here. Dit is nie die dag waarop die Here Israel se vyande gaan uitroei nie. Dit is die dag waarop die Here met sy leërmag teen sy eie volk optrek omdat hulle die verhouding met die Here van hulle kant af verbreek het.

Hierdie dag is so vreeslik dat daar twyfel is of enigiemand staande sal kan bly in hierdie dag. Kan die volk nog enigsins genade van die Here verwag? Sal die Here weer barmhartig wees teenoor sy volk?

Hierdie profesie in Joël 2:1-11 is 'n profesie oor die tugtiging van die Here wat nog oppad is. Die sprinkaanplae en die droogte van die verlede (Joël 1) was maar nog net 'n voorprent van wat vir die volk wag indien hulle hulle nie tot die Here gaan bekeer nie. Aangesien dit nog net 'n profesie is oor wat gaan kom, is juis die profesie die genade en barmhartigheid wat Hy aan sy volk betoon. Hoe is dit moontlik, kan gevra word. Die volgende perikoop belig juis hierdie genade en barmhartigheid van die Here teenoor sy volk.

### **Vers 12 tot 17 – Oproep tot bekering**

#### **Vers 12 tot 14 – 'n Oproep tot persoonlike bekering**

**Maar selfs nou nog, spreek die HERE, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geweën en rouklag. En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die HERE julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil; wie weet of dit Hom nie weer sal berou nie, sodat Hy 'n seën sal agterlaat—'n spysoffer en 'n drankoffer aan die HERE julle God.**

#### **Vers 12**

Die profesie van die eerste elf verse het 'n mens so te sê die aankomende vyand al laat sien. Jy kon hoor hoe die aarde onder die perde se pote dreun en hoe die vyand kriewelende die stad binne gaan. Die dag van die Here is aan die kom, dit is naby. Die Here voer sy leer aan teen sy volk omdat hulle die verhouding met Hom versak het. Vanuit die profesie lyk dit of die tyd vir bekering verby is. Die Here is dan oppad met sy leer.

Maar dan kom die verrassende woorde uit die mond van die Here self: Bekeer julle tot My. Ter beklemtoning staan daar twee woorde (in die Hebreeus) heel aan die begin van die vers wat ons soos volg vertaal *Maar selfs nou nog*. Selfs in hierdie stadium waar dit lyk asof die oordeel onvermydelik is en al oppad is, selfs nou nog spreek die Here.

Die feit dat die Here self nog in hierdie stadium sy volk tot bekering roep, onderstreep dat die profesie van die aankomende dag van die Here inderwaarheid nog 'n oproep tot bekering is. Solank as wat die oordeel nog nie gebeur het nie en solank as wat die mens nog in hierdie lewe is, is daar tyd om tot bekering te kom. Dit is nog nie te laat om tot bekering te kom nie.

Hierdie oproep tot bekering gaan eers uit tot elke individu van die volk. Elkeen moet met sy hele hart tot die Here terugkeer. Die Here hou vol om sy Verbondsnaam – Jahwe – te gebruik. Vir die Here gaan dit oor die herstel van die verhouding van liefde en trou tussen Hom en sy volk en tussen Hom en elkeen in die volk.

Die bekering moet heelhartig wees - **bekeer julle tot My met julle hele hart**. Niks mag teruggehou word nie. Daar mag by die mens geen MAAR meer wees nie. Wanneer jy jou tot die Here bekeer moet dit volledig gebeur. Die Here gee Homself volledig in sy verhouding met sy volk. Elkeen afsonderlik en die hele volk saam moet hulle ook volledig gee in die verhouding met die Here.

Wanneer die bekering inderdaad heelhartig is, sal dit spontaan gepaard gaan met vas en geweën en rouklag. Hierdie drie elemente sal bewys wees van 'n heelhartige bekering, want dit sal die gevolg wees van harte wat geskeur (Joël 2:13).

Die drie elemente – vas, geweën en rouklag – is elemente wat gewoonlik teenwoordig is by die dood van 'n geliefde. Die verbreekte verhouding met die Here is so erg soos die dood self. Wanneer daar 'n breuk in die verhouding kom tussen die Here en sy volk – soos wat die volk gemaak het deur hulle sondes – verberg die Here sy aangesig. En uit verskeie Psalms word dit duidelik dat die verberging van die Here se aangesig verskrikking vir die gelowige meebring. Verberging van die Here se aangesig is so bitter soos die dood self. Daarom moet die bekering gepaard gaan met vas, geweën

en rouklag.

### **Vers 13**

Die skeur van die klere was 'n algemene manier om uitdrukking te gee aan jou rou in daardie tyd. Maar soos met baie dinge het die mens die vermoë om ook hierdie uitdrukking te veruiterlik. Dit word slegs 'n vertoning om jou klere te skeur sodat ander mense moet dink dat jy opreg berou het en hartseer is.

Daarom roep die Here elkeen op om sy hart te skeur in plaas van sy klere. Die bekering moet hartgrondig wees. Vir 'n slag moet die bekering die persoon self aangryp. Sy hart moet verslae en stukkend wees, omdat die verhouding met die Here stukkend is. Die volk se hart moet lyk soos die Here se hart oor hierdie verbreekte verhouding. Die Here verlang 'n gebroke hart en 'n verslae gees by sy volk – 'n hart wat werklik verbrysel is vanweë die sonde teen die Here (Ps 34:19; 51:19).

Eers wanneer hulle harte geskeur is, moet hulle na die Here terugkeer. Maar watter waarborg het 'n mens dat die Here jou weer sal ontvang? Die verhouding het dan soveel skade gekry.

Daar is egter twee redes in verse 12 en 13 hoekom die volk na die Here kan en behoort terug te keer. Die eerste rede hoor 'n mens sommer aan die begin van vers 12. Dit is immers die Here self wat sy stem verhef en sy volk tot 'n heelhartige bekering oproep. Die eerste waarborg is dus die Here self wat geroep het tot bekering. Die tweede rede word deur die profeet aangedui in vers 13. Nadat hy aan die volk duidelik gemaak het wat heelhartige bekering inhou – 'n geskeurde harte – gee hy die rede aan met *want* en daarop volg die karaktertrekke of eienskappe wat eie is aan die Here waarmee Hy Homself destyds aan Moses bekend gemaak het. Die Here is **barmhartig en lankmoedig en groot van goedertierenheid**.

Die Here maak Homself bekend as die God wat die gebroke hart en verslae gees graag in sy midde ontvang. Hy is die barmhartige God. Hy het Homself ook al in die verlede betoon as die God wat nie ongevoelig en hard is teenoor die bekering wat wel by sy volk gebeur het nie. Hy het al in die verlede afgesien van 'n beplande koers met die volk omdat hulle gehoorsaam tot Hom teruggekeer het (Ps 106:45).

Die Here is egter soewerein. Die mens kan nie daarop reken dat sy bekering terug na die Here toe moet veroorsaak dat die Here die onheil laat ophou nie. Maar daar is altyd die moontlikheid dat die Here tog ter wille van sy verbond nie sal voortgaan met die onheil wat Hy oor sy volk aangekondig het nie.

#### **Vers 14**

Die Here is inderdaad nie verplig om medelye met sy volk te hê nie. Hulle is immers 'n hardkoppige en opstandige volk. En selfs al bekeer hulle hulleself soos wat die Here aan hulle voorskryf, het hulle steeds nie die reg op die Here se medelye nie. Die mens kan tog niks doen, sodat die Here verplig is om aan die mens iets terug te doen nie. Indien hulle hulleself bekeer, soos die Here gesê het, het hulle net gedoen wat hulle verplig was om te doen teenoor die Heilige God, want hulle het die verhouding met Hom verbreek.

Dit is asof die profeet die volk aanspoor met die woorde: **wie weet of dit Hom nie weer sal berou nie**. Hierdie woorde moet nie verstaan word as 'n blindelinge skoot in die donker in nie. Dit is nie hoe geloof in die Here werk nie. Hierdie woorde gee eerder uitdrukking aan 'n bedelaarshouding. Die profeet weet dat hulle as volk nie die Here se genade waardig is nie, want kyk wat het hulle aangevang. Maar omdat hy die Here ken as die barmhartige en genadige God en omdat die Here self die volk tot bekering opgeroep het en omdat die Here Homself al in die verlede getoon het as die God wat die onheil wat Hy reeds aangekondig het, kan afweer – is dit mos die moeite werd om eerder vir die Here te luister en jou te bekeer as om dit nie te doen nie en 'n voorwerp van sy wraak te bly.

Die profeet gaan verder as net hierdie aansporing. Omdat hy die Here so goed ken en sy vertrou so sterk op die Here gevestig is, gaan hy verder. Die Here se medelye met sy volk kan selfs tot gevolg hê dat Hy aan sy volk 'n seën agterlaat. Die seën is dan middele waarmee die volk weer 'n spysoffer en 'n drankoffer aan die Here hulle God kan bring. Die profeet leef so naby aan die Here dat hy oortuig is dat die Here se bekeringsoproep daarop gerig is om die blydskap en vreugde in sy verhouding met sy volk en hulle verhouding met Hom te herstel.

Die herstel van die vreugde en blydskap in die land is al genoeg rede om na die Here

terug te keer, want in die hele eerste hoofstuk is dit telkens beklemtoon dat die vreugde en blydschap uit die land uit is. Die oordeel waarmee die Here sy volk getref het, het al die gelag laat verdwyn om plek te maak vir trane en rouklag.

### **Vers 15 tot 17 – 'n Oproep tot 'n nasionale bekering**

**Blaas die basuin op Sion, heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam! Versamel die volk, heilig die gemeente, vergader die oudstes, versamel die kinders en die suiglinge! Laat die bruidegom uit sy kamer uitgaan en die bruid uit haar slaapvertrek. Laat die priesters, die dienaars van die HERE, tussen die voorportaal en die altaar ween en sê: o HERE, spaar u volk, en gee u erfdeel nie oor aan smaadheid, dat die nasies met hulle spot nie; waarom sou hulle onder die volke sê: Waar is hulle God?**

### ***Vers 15 en 16***

Hierdie opdrag herinner aan die opdrag in vers 1. Maar in vers 1 was die blaas van die basuin nie bedoel om 'n vergadering saam te roep nie, maar om die volk se aandag te vestig op die groot en verskriklike dag van die Here wat aan die kom is. Die basuin in vers 15 is bedoel om die volk by die tempel te versamel.

Daar moet 'n dag afgesonder word – geheilig word – waarop die volk sal vas en waarop hulle bymekaar sal kom. Waar die oproep in vers 12 duidelik tot elke individu uitgegaan het, word dit nou duidelik dat die bekering tot die Here nie alleen 'n individuele saak is nie. Die ganse volk moet hulle tot die Here bekeer.

Die volk moet op Sion die tempelberg versamel. Hulle moet hulleself heilig vir die Here. Hulle volle aandag moet nou daarop gevestig wees om hulle voor die Here te verootmoedig. Daarom moet nie eers iets so alledaags soos eet in die pad kom staan nie.

Dan maak die profeet duidelik wie almal daar moet versamel vir die nasionale dag van verootmoediging en bekering. Die oudstes moet daar wees. In die konteks van die vers kan oudstes hier verwys na die leiers van die volk – niemand is te belangrik dat hy hom nie met die berou van die volk hoef te vereenselwig nie. Maar in vergelyking met die volgende wat genoem word in die vers kan oudstes ook verwys na die wat

oud in ouderdom is. Dus, van die oudste tot die jongste moet in die vergadering bymekaar kom. Selfs die kinders en die babatjies moet saam in die vergadering wees.

Daar is selfs nie eers vir die pasgetroudes 'n uitsondering soos wat normaalweg die geval is nie (Deut 24:5). Die bruidegom en die bruid moet ook in die vergadering versamel wees. Met hierdie oproep wie almal moet versamel op Sion is dit duidelik dat 'n dag van bekering en ootmoed alle normale daaglikse aktiwiteite tot stilstand bring. Niks kan normaalweg voortgaan nie, want die verhouding met die Here is dan verbreek.

### **Vers 17**

Die priesters, die dienaars van die Here, word aangesê om tussen die voorportaal en die altaar te staan en ween. Om tussen die voorportaal en die altaar te staan, beteken dat die priesters nie offers op die altaar mag bring of in die heilige deel van die tempel ingaan om vir die volk te bid nie. Hulleself moet hulle ook voor die Here verootmoedig. Om die waarheid te sê, hulle moet die leiding neem in die verootmoediging en nie net die volk oproep tot verootmoediging nie.

Die profeet gee ook op bevel van die Here die gebed wat die priesters moet bid vir hulle woordeliks: **o HERE, spaar u volk, en gee u erfdeel nie oor aan smaadheid, dat die nasies met hulle spot nie; waarom sou hulle onder die volke sê: Waar is hulle God?**

Die Here self het die volk na Hom toe teruggeroep in vers 12. Nou hoor ons die gebed wat die priesters saam met die volk moet bid wanneer hulle tot die Here terugkeer. Hulle moet die Here se Verbondsnaam aanroep, want dit gaan oor berou dat hulle hulle kant van die verhouding met Hom versaak het.

Twee maal word daar in die gebed melding gemaak dat Israel steeds aan die Here behoort – **u volk** en **u erfdeel**. Die sonde van die volk het nie die eienaarskap oor die volk verander nie. Hulle is steeds die Here se volk en erfdeel. Wanneer daar gevra word dat die Here sy volk moet spaar, smee hulle dat die Here sy aankomende dag moet terughou – Hy moet die aankomende vyand wat Hy as tugroede aanwend, keer om nie sy volk te verower nie.

Die roep dat die Here sy volk moet spaar, is nie eerste ter wille van die volk self nie, maar ter wille van die Naam van die Here. Wanneer die vyandige volk Israel gaan oorwin, gaan dit beteken dat hulle aan die smaadheid oorgegee is en 'n voorwerp van spot word onder die nasies. Dit sal 'n gespot wees nie met Israel nie, maar met die Here. Die nasies sal spottend vra: **Waar is hulle God?**, so asof die Here nie in staat sou wees om sy volk te beskerm en te bewaar nie.

### **Verse 18 tot 32 – Die uitkoms wat die Here skenk**

#### **Vers 18 – Die Here se genadige antwoord**

#### **Toe het die Here geywer vir sy land en sy volk verskoon.**

Die gedeelte van verse 18 tot 32 val inderwaarheid in twee dele uiteen, naamlik verse 18 tot 27 en verse 28 tot 32. Die eerste deel (verse 18-27) verhaal die onmiddellike gevolg van die Here se ywer vir en verskoning van sy volk. Joël profeteer die Here se skenking van materiële sowel as geestelike goedere. Die tweede deel (verse 28-32) is 'n profesie wat verder in die toekoms in lê. Daarin profeteer Joël die uitstorting van die Heilige Gees op al God se kinders.

Die werkwoord vorm (perfektum) van die Hebreeuse werkwoorde kan toekomstig of in die verlede tyd vertaal word. Wanneer dit toekomstig vertaal word is die guns wat die Here aan sy volk sal bewys 'n belofte wat Hy aan hulle maak as hulle hulle tot Hom bekeer soos wat hulle opgeroep is.

In albei ons Afrikaanse vertalings is die werkwoorde in die verlede tyd vertaal. Die Here het dus sy guns bewys omdat die volk hulle tot die Here bekeer het. God is die genade en barmhartige God wat Joël ken (Joël 2:13). Hy is die God wat gebede verhoor. Hy het immers sy volk self tot bekering geroep. Dit word nie vir ons vertel nie, maar dit kan afgelei word dat die volk hulle wel tot die Here bekeer het. Daarom bewys die Here sy guns op grootskaal aan sy volk.

#### **Vers 18**

Die groot omkeer in die Here se handeling met sy volk word hier geprofeteer. In die hele gedeelte vooraf was die volk van die Here die voorwerp van sy oordeel. Nou word die volk die voorwerp van sy guns en genade.



Die Here het vir sy land geywer. Dieselfde woord wat met *ywer* vertaal word, kan ook met *jaloers* vertaal word. Die Here betoon sy besorgdheid oor sy land, want dit is sy land. In sy *ywer* gaan Hy 'n totale omkeer bring in die toestand van die land. Waar dit kaal gevreet was deur die sprinkane en verwoes deur die vyand, sal daar weer plantegroei wees en volkome herstel.

Die Here het ook sy volk verskoon. Hulle onreg is versoen, want hulle het tot die Here teruggekeer soos Hy hulle opgeroep het. Die versoening tussen die Here en sy volk word ook duidelik daarin dat Hy hulle innig jammer gekry het. Daarom bewys Hy sy guns op grootskaal vir sy volk.

### **Verse 19 tot 27 – Die onmiddellike materiële en geestelike seën wat die Here aan sy volk skenk**

**En die Here het geantwoord en aan sy volk gesê: Kyk, Ek stuur vir julle koring en mos en olie, sodat julle daarvan versadig word, en Ek maak julle nie meer tot 'n voorwerp van smaad onder die nasies nie. Ja, Ek sal die sprinkaanswerm, uit die noorde afkomstig, van julle af wegjaag en dit wegdrywe na 'n dor en woeste land; sy voorhoede na die Oostelike See en sy agterhoede na die Westelike See toe. En sy stank sal opstyg, en 'n slegte reuk uit hom opgaan; want hy het alte groot dinge gedoen.**

**Wees nie bevrees nie, o aarde, juig en wees bly, want die Here doen groot dinge! Wees nie bevrees nie, diere van die veld, want die weivelde van die woestyn spruit uit, want die bome dra hulle vrugte, die vyeboom en die wingerdstok lewer hulle drag! En julle, kinders van Sion, juig en wees bly in die Here julle God, want Hy gee julle die leraar tot geregtigheid en laat op julle neerdaal die reën, die vroeë reëns en die laat reëns, soos voorheen.**

**Dan sal die dorsvloere vol koring wees en die parskuipe van mos en olie oorloop. En Ek sal julle vergoed die jare wat die treksprinkaan, die voetganger, die kaalvreter en die afknyper verslind het—my groot leërmag wat Ek teen julle gestuur het. Dan sal julle oorvloedig eet en versadig wees en die Naam van die Here julle God prys wat wonderbaar met julle gehandel het, en my volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie.**

**En julle sal weet dat Ek in die midde van Israel is, en dat Ek die Here julle God is, en niemand anders nie; en my volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie.**

Nadat die Here sy aanvanklike antwoord op die volk se bekering gegee het (Joël 2:18) sê die Here in detail wat Hy gaan doen. Hierdie gedeelte is chiasies saamgestel. In verse 19 en 26 en 27 belowe die Here dat Hy weer aan hulle koring, olie en mos sal gee in oorvloed. Die smaad sal van sy volk af weggeneem word. In verse 20 en 25 belowe die Here dat Hy die vyand uit die weg sal ruim. Die fokus van hierdie gedeelte val op verse 21 tot 24 waarin die volk en die land en diere bemoedig word en die Here belowe dat vreugde en blydschap sal terugkeer.

### **Vers 19**

In vers 19 en 20 spreek die Here sy volk direk aan. Hy antwoord hulle in detail nadat hulle hulle tot die Here bekeer het. Die Here is inderdaad genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid soos wat die profeet Hom ken.

Die eerste belofte van die Here hou verband met die lewensmiddele. Hy sal vir sy volk koring en mos en olie stuur. Die Here sal sy land seën, want Hy ywer vir sy land. En die land sal weer koring, mos en olie oplewer soos vroeër. Die Here sal weer die basiese voedsel aan sy volk gee sodat hulle daarvan versadig word.

Aangesien die volk versadig sal word van die koring, mos en olie wat die Here sal stuur, beteken dit dat daar ook weer 'n spys- en 'n drankoffer vir die Here sal wees. Die seën van die Here waarvan die profeet gepraat het toe hy die volk tot bekering opgeroep het (Joël 2:14) belowe die Here aan sy volk.

Ook die gebed wat die priesters moes bid tydens die nasionale dag van verootmoediging en bekering sal deur die Here verhoor word. Die priesters het gebid: **o Here, spaar u volk, en gee u erfdeel nie oor aan smaadheid, dat die nasies met hulle spot nie; waarom sou hulle onder die volke sê: Waar is hulle God?** (Joël 2:17 AFR53).

Die Here belowe dat Hy ook hierdie gebed sal verhoor. Hy sal nie meer sy volk 'n voorwerp van smaad onder die nasies maak nie. Hy sal nie toelaat dat die volke met sy volk spot asof hulle nie 'n God het nie. Die verandering in die Here se optrede teenoor sy volk het begin toe hulle gehoor gegee het toe Hy hulle na Hom toe teruggeroep het en hulle gehoorsaam daarop gereageer het.

## **Vers 20**

In die oorspronklike staan daar nie *sprinkaanswerm* nie. Direkte vertaal lui dit net *die een van die noorde kom*. Die woord *sprinkaanswerm* is waarskynlik ingevoeg na aanleiding van die Here se belofte in vers 25.

Na aanleiding van die woorde hier en in vers 25 blyk dit weer dat die profesie aangaande die sprinkane en die leërmag waarvan ons in die eerste elf verse van hierdie hoofstuk gelees het met mekaar vervleg word. Die sprinkaanplae was iets wat gebeur het en dit was die voorprent van die Here se oordeel oor sy volk deur middel van 'n vyandige volk uit die noorde. Die aankondiging van die leërmag wat deur die Here aangevoer word, is nog alleen 'n profesie. Maar indien die volk hulle tot die Here sal bekeer soos wat Hy verwag, sal met die vyand uit die noorde dieselfde gebeur as wat met die sprinkane gebeur – die Here sal hulle wegdrywe.

Die feit dat beide Assirië en die Babiloniërs Israel vanuit die noorde binnegeval het, is dit nie moontlik om eenvoudig te sê dat hier net van die sprinkane sprake is nie. Daarby is dit nog 'n belofte wat die Here in die toekoms sal vervul - **Ek sal die sprinkaanswerm, uit die noorde afkomstig, van julle af wegjaag en dit wegdrywe na 'n dor en woeste land.**

Wat egter belangrik is om op te merk is dat die Here nie meer die aanvoerder van die leërmag uit die noorde teen sy volk sal wees nie. Hy sal nou teen die leërmag uit die noorde optree. Die oordeel draai weg van Israel af en kom op die vyandige volk af. Die Here sal die leërmag van sy volk af wegjaag en hulle wegdrywe na 'n dor en woeste land. Hulle gaan hulle eie medisyne kry. Waar hierdie een uit die noorde ook al deurgetrek het, het hy die land in 'n woeste wildernis agtergelaat. Hy het al die lande in 'n woesteny agtergelaat. Die Here sal hom na so 'n dor en woeste land verdryf

Hierdie leërmag sal so deur die Here uitmekaar gejaag word dat sy voorhoede in die Dooie See beland en sy agterhoede in die Middellandse See. Al wat van hulle sal oorbly en die enigste herinnering aan hulle sal die stank wees wat van hulle sal uitgaan. Die karkasse van die vyand sal die enigste herinnering aan hulle wees.

Die Here gee ook die rede waarom Hy so teen die leërmag uit die noorde sal optree -

**want hy het alte groot dinge gedoen.** Die Here het die leërmag uit die noorde as 'n tugroede teen sy volk gebruik, maar in hulle onbeheersde woestheid het hierdie leërmag net gedoen wat hulle van nature doen – hulle het afgebreek en verwoes. Hulle was daarop uit om die volk van die Here tot niet te maak en dit sal die Here in ewigheid nie toelaat nie. Hy sal die leërmag vir hulle sonde laat boet.

### **Vers 21**

Toe die Here in sy toorn sy leërmag aangevoer het oppad om die oordeel oor sy volk te voltrek, soos dit uitgekóm het in die profesie oor die naderende dag van die Here, het ons gehoor dat die aarde gebewe het en die hemel gesidder het. Die skepping het in gespannendheid afgewag oor wat die Here deur sy profeet aangekondig het, want die dag van die Here is uitermate vreeslik.

Dit wil voorkom of die Here se afwending van die oordeel omdat die volk hulle bekeer het vir die skepping te vinnig gebeur het. Een oomblik was daar nog die afwagting oor die oordeel van die Here en die volgende oomblik kondig die Here sy seën en genade oor die volk aan. Die belofte van oorvloed koring, mos en olie en die verdrywing van die vyand is bykans te goed om waar te wees.

Daarom roep die Here die aarde op om nie bevrees te wees nie. In plaas van vrees moet die aarde juig en bly wees. En die rede vir hierdie blydschap – **want die HERE doen groot dinge!**

Na die verwoesting deur die sprinkaanplae was daar niks wat die mens of die skepping self kon doen om herstel te bring nie. Die toestand was totaal hopeloos. Die Here alleen kan 'n radikale omkeer bring na so 'n groot verwoesting – so 'n groot omkeer dat daar weer koring, mos en olie is.

### **Vers 22**

Ook die diere van die veld word deur die Here bemoedig om nie bevrees te wees nie. Die oordeel wat die Here deur die sprinkaanplae oor sy land en volk gebring het, het ook die diere geraak. Weens die sprinkaanplae en die daaropvolgende droogte was die troppe beste onrustig en het die kleinvee geboet, daarom het die diere na die Here gesmag om uitkoms te gee (Joël 1:18, 20).

Nou sê die Here dat die diere nie bevrees moet wees nie, want die uitkoms is op hande. Die weiveld van die woestyn wat deur die vuur verteer is (Joël 1:19-20) is aan die uitspruit. Daar is weer weiding vir die diere wat ook beteken dat daar weer water in die waterstrome moet wees.

Die Here het ook herstel gebring vir die bome. Al die bome dra hulle vrugte nadat al die bome verdor was (Joël 1:7, 12). Die vyeboom en wingerd word spesifiek genoem omdat vyeboom en wingerde tekens is van die Here se seën aan sy volk. Die Here se seën kom dus weer oor die land, diere en die volk, want die verhouding van die volk met die Here is herstel. Daar het hartgrondige bekering by die volk gekom.

### **Vers 23**

Die volk van die Here word ook deur Hom opgeroep. Anders as by die aarde en die diere word hulle nie aangesê om nie bevrees te wees nie. Die Here roep die kinders van Sion direk op om te juig en bly te wees in die Here hulle God. Daar het versoening gekom tussen die Here en die volk. Die verhouding tussen die Here en die volk is herstel.

Die Here gee twee redes waarom die volk moet juig en bly wees in die Here - **want Hy gee julle die leraar tot geregtigheid en laat op julle neerdaal die reën, die vroeë reëns en die laat reëns, soos voorheen.**

Die eerste rede waarom die volk bly moet wees, kan ook anders vertaal word as wat dit in die 53-vertaling vertaal. So 'n vertaling kan dan lees – *want Hy gee julle die vroeë reën van geregtigheid*. Die woord wat met *leraar* vertaal is, kan dus ook met (*vroeë reën*) vertaal word.

Om 'n keuse te maak oor watter vertaling van die woord meer geldig sal wees, moet 'n mens na die konteks waarin die vers staan gaan kyk. Die aardse seën wat die Here aan sy volk skenk na hulle bekering staan nogal voorop in hierdie gedeelte. Hy sal weer aan hulle oeste skenk. Hy gaan die vyand van hulle af wegjaag. Hy sal oorfloed van koring, mos en olie skenk.

Dit is juis die oorfloed aan koring, mos en olie wat daartoe sal lei dat die volk weer 'n

spys- en 'n drankoffer aan die Here kan bring. Dit was tog deel van die aansporing van die profeet toe hy hulle tot verootmoediging opgeroep het – **wie weet of dit Hom nie weer sal berou nie, sodat Hy 'n seën sal agterlaat – 'n spysoffer en 'n drankoffer aan die Here julle God** (Joël 2:14).

Die seën wat die Here aan sy volk in Joël 2:18-27 belowe, is dus meer as net 'n aardse seën. Daar is ook 'n geestelike seën daarin opgesluit. Omdat daar 'n oorvloed aan koring, mos en olie belowe word, beteken dit dat die Here hulle so sal seën dat daar weer 'n spysoffer en 'n drankoffer vir die Here sal wees.

Daarby moet 'n mens ook onthou dat die Here sy volk in 'n hegte verhouding met Hom wil hê en hou. Daarom belowe Hy ook vanaf vers 28 die gawe van sy Gees. Dit is immers die Heilige Gees wat mense voortdurend sal hou aan die geregtigheid van die Here deurdat Hy die volk voortdurend herinner aan die Woord van die Here. Dus is die leraar tot geregtigheid 'n verwysing na die Heilige Gees en indirek ook 'n verwysing na Jesus Christus. Die Heilige Gees sal mense in besonder herinner aan die vlees geworde Woord se woorde wat juis woorde van geregtigheid sal wees.

Die leraar tot geregtigheid is dus die eerste rede waarom die volk hulle in die Here moet verbly. Die keuse van die vertaling is dus eintlik duidelik.

Die tweede rede keer weer terug na die aardse seën wat voorop staan in hierdie gedeelte. Die Here sal weer die vroeë en die laat reën gee, sodat die belofte aan die volop oeste verwesenlik kan word.

### **Vers 24**

Die gevolg van hierdie aardse sowel as geestelike seën van die Here is dat daar volop koring sal wees. Die dorsvloer sal vol koring wees. En die parskuipe sal oorloop van olie en mos. Daar sal werklik oovloed van koring, wyn en olie wees. Die Here laat inderdaad 'n seën agter – 'n spysoffer en 'n drankoffer.

Hierdie gevolg wat in vers 24 genoem word, is die tweede verwysing na die oovloed koring, wyn en olie. In vers 19 het die Here gesê dat Hy koring, wyn en olie aan sy volk sal gee om versadig te word. Nou het die Here die reëns belowe soos voorheen,

sodat daar 'n oorvloed van koring, wyn en olie sal wees.

### **Vers 25**

In vers 20 het die Here belowe dat Hy die vyand uit die noorde sal wegjaag en wegdryf. In vers 25 gaan Hy nog verder in op daardie belofte. Die Here sê self dat Hy sy volk sal vergoed vir die jare wat die trekspinkaan, die voetganger, die kaalvreter en die afknyper verslind het. Hierdie sprinkaanplae was die Here se groot leërmag wat Hy teen sy volk gestuur het. Die spinkaanplae was inderdaad nie somer maar net 'n natuurverskynsel nie. Die Here het die natuurverskynsel gebruik om sy volk te tug oor hulle minagting van hulle verhouding met Hom.

Wanneer 'n mens 'n verlies ly as gevolg van 'n ramp, neem dit jare om net weer op dieselfde peil te kom as voor die ramp. Die Here belowe egter dat Hy die jare van verlies aan oeste deur die sprinkaanplae gaan vergoed. Omdat Hy God is kan Hy die omstandigheid en ellende van die ramp in 'n ommesientjie verander. Dit is immers wat die Here in die vorige vier verse duidelik gemaak het. Die feit dat Hy herstel aan sy volk sal gee, is goed asof dit reeds gebeur het – kyk hoe stel die Here dit in vers 22.

Die ondergang en tot niet gaan van die volk het na 'n besliste saak gelyk nadat die sprinkaanplae daardeur getrek het. Daar was niks wat die mense self sou kon doen om herstel teweeg te bring nie, behalwe om te wag. Intussen sou hulle ander woonplek moes soek om aan die lewe te bly terwyl hulle op die herstel van die land wag. Die Here belowe egter onmiddellike herstel, sodat daar nie eers aan trek na 'n ander plek gedink hoef te word nie.

### **Vers 26 en 27**

In vers 19 het die Here belowe om herstel te bring en die smaad van sy volk weg te neem. In verse 26 en 27 bevestig die Here daardie belofte. Die gevolg van die Here se vergoeding van die jare wat die sprinkane alles verwoes het, is oorvloed aan koring wyn en olie. Die volk sal oorvloedig eet en versadig word. Dit is die derde keer dat die Here hierdie belofte maak van oorvloed koring, wyn en olie (vgl. Joël 2:19 en 24).

Die uiteindelijke gevolg van die Here se seën op die volk is dat hulle die Naam van die Here hulle God prys. Die Here self bewerk die herstelde verhouding van sy volk met

Hom. Hulle sal Hom prys omdat Hy wonderbaar met hulle gehandel het.

Aan die einde van vers 26 is daar 'n verdere gevolg van die Here se seën oor sy volk wat aan die einde van vers 27 herhaal word. Dit word eers oorgeslaan om by die eerste deel van vers 27 uit te kom. Omdat die Here wonderbaar met sy volk gehandel het deur hulle te vergoed vir al die jare van swaarkry, sal die volk ook weet dat die Here in die midde van sy volk is. Hy is die altyd teenwoordige God. En hulle sal ook verseker weet dat die Here hulle God is en niemand anders nie. Hierdie is die eerste keer wat daar 'n aanduiding gegee word van die sonde wat die volk gepleeg het. Uit die vorige het dit duidelik geword dat die volk hulle verhouding met die Here versak het, want die Here het regdeur nog besondere klem gelê op die verbond deurdat Hy telkens sy Verbondsnaam HERE gebruik. Hier in vers 27 blyk dit dat die volk hulleself skuldig gemaak het aan geestelike owerspel – hulle het agter afgode aangegaan in plaas daarvan om by die Here te bly. Maar deur hierdie besondere seën van die Here nadat die volk hulle bekeer het, sal hulle beslis weet dat die Here hulle God is en niemand anders nie.

Om terug te kom na die belofte wat aan die einde van verse 26 en 27 genoem word - **en my volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie**. Hierdie belofte, soos baie van die ander beloftes van die Here, sien op die teenswoordige maar ook op die toekomstige tyd. In vers 19 het die Here al gesê dat die volk nie meer 'n voorwerp van smaad sal wees nie. Dit is in antwoord op die gebed van die priesters in vers 17.

Wanneer die Here sy volk so ryklik seën, sal ook die omringende nasies sien dat die Here werklik Israel se God is en dat Hy hulle nie verlaat het nie. Dus sal die volk in die teenswoordige tyd nie beskaamd staan nie. Maar nou belowe die Here ook dat sy volk in ewigheid nie beskaamd sal staan nie. Hierdie belofte strek tot in die verre toekoms in. Maar tog moet daarop gelet word dat hierdie belofte nie onvoorwaardelik is nie.

Soos die dreigement om die oordeel te bring voorwaardelik was, so is die seën van die Here ook voorwaardelik. Die oordeel was aangekondig, maar as die volk hulle bekeer, kan die Here die oordeel afkeer. Die volk sal die seën van die Here geniet en nie beskaamd staan nie solank as wat hulle in nederigheid gehoorsaam bly aan die



Here hulle God.

### **Vers 28 tot 32 – Die beloofde geestelike seën**

**28 En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien. 29 En ook op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae my Gees uitgiet.**

**30 En Ek sal wondertekens gee aan die hemel en op die aarde: bloed en vuur en rookpilare. 31 Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom.**

**32 En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word; want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos die Here gesê het, en onder die vrygeraaktes die wat die Here sal roep.**

Hierdie laaste vyf verse van Joël 2 gaan inderwaarheid voort in hoofstuk 3. Die woorde wat die tyd aandui wys daarop – “daarna” (2:28), “in dié dae” (2:29), “die groot en deurlugtige dag” (2:31), “in die dae en in dié tyd” (3:1) en “op dié dag” (3:18). Al hierdie woorde wat die tyd aandui wys in die toekoms in nadat die Here Israel herstel het soos Hy in verse 18 tot 27 belowe het.

### **Vers 28 en 29**

Die tyd wanneer hierdie toekomstige seën oor die volk van die Here sal kom word beklemtoon – dit staan heel eerste in die sin neergeskryf. Nadat die Here die vyand uit die noorde verjaag het en aan die volk weer teruggee wat hulle in die tyd van swaarkry verloor het, sal die volgende dinge gebeur. Die volgende dinge verwys dan na alles wat die Here nou sê vanaf Joël 2:28 tot aan die einde van die boek,

Dit word algemeen aanvaar dat hierdie profesie vervul is op die eerste Christelike Pinksterdag toe die Heilige Gees op die honderd en twintig volgelingen van Jesus uitgestort is (Hand 2). Tog moet 'n mens daarop let dat Petrus in die toespraak nie sê dat die gebeure op Pinksterdag die vervulling van die profesie van Joël is nie. Hy sê slegs: **Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is** (Handelinge 2:16 AFR53).

Dit wil dus voorkom of die volle vervulling van hierdie belofte nog nie gebeur het nie. Pinksterdag was die begin van die vervulling toe die Here sy Gees op sy kerk uitgestort

het. Die volle vervulling sal eers plaasvind wanneer ook die groot en deurlugtige dag van die Here aangebreek het en Hy al die nasies van die aarde sal oordeel. Hierdie laaste beloftes oorspan die tyd van die koms van die Heilige Gees tot by die laaste dag van die aarde soos wat ons dit nou nog ken.

Die Here belowe om sy Gees uit te giet op alle vlees. In die geskiedenis het dit gebeur dat die Here sy Gees net aan sekere uitgesoekte mense gegee het. Nou belowe die Here om sy Gees uit te giet op alle vlees. Hy gaan oorvloedig gee. Wie hierdie alle vlees is, word vervolgens genoem.

Die seuns en dogters van die volk sal profeteer. Profeteer beteken dat hulle God met musiekinstrumente en sang sal prys (1 Sam 10; 1 Kron 25:1-3). Die ou mense van die volk sal drome droom en die jongmense sal gesigte sien. Drome en gesigte is die wyse waarop die Here Homself en sy wil in besonder in die Ou Testement aan mense openbaar het. Oud en jonk sal dus die openbaring van die Here hoor en verstaan omdat die Heilige Gees in hulle aan die werk is.

Die Here belowe verder dat Hy sy Gees ook op die slawe en slavinne sal uitgiet. Dit wil sê, in die bedeling wat kom sal daar nie 'n onderskeid van geslag, stand of ouderdom wees nie. Al die gelowiges sal deur die Heilige Gees gelei en geregeer word.

### **Vers 30 en 31**

Die wondertekens wat in hierdie verse genoem word – bloed en vuur en rookpilare – is ook tekens wat in die toekoms gesien sal word. Petrus het die hele gedeelte van verse 28 tot 32 aangehaal in sy toespraak op Pinksterdag alhoewel die Here toe net die Heilige Gees uitgestort het. Hierdie twee verse van die profesie is nog nie ten volle vervul nie.

Hierdie wondertekens hou verband met die laaste oordeel van die Here waarvan Jesus ook in sy Profetiese Rede gepraat het (Matt 24:29). Dit is die tekens wat gesien sal word dadelik na die groot verdrukking wat die gelowiges aan die einde van die dae sal ly. Dit is ook dieselfde tekens wat Johannes gesien het toe die sesde seël van die boekrol oopgemaak is. Hierdie wondertekens is die voortekens van die laaste oordeel

van die Here oor die inwoners van die aarde (Open 6:12-17).

Rookpilare is telkens tekens van die oordeel van die Here wat plaasvind (Gen 19:28; Open 18:9, 18). Maar die oordeel van die Here – die groot en deurlugtige dag van die Here – word vooraf gegaan deur die tekens in die hemel – die son wat duister word en die maan wat bloed word.

Die koms van die Heilige Gees op Pinksterdag het die laaste dae ingelui. Die feit dat die Here sy Gees uitgestort het soos Hy belowe het, beteken dat die laaste dag van oordeel, soos die Here ook belowe, oppad is. Die dag kom nader alhoewel sommige meen dat dit nooit sal gebeur nie.

### **Vers 32**

Vers 32 is die troos van die Here veral in die lig van die komende oordeel in die laaste dae. Die oordeel van die Here oor die aarde op die groot en deurlugtige dag van die Here is verseker aan die kom. Maar wat van die gelowiges? Hier word die troos aan die gelowiges gegee.

Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Elkeen wat sy volle vertroue in die Here stel en van al sy eie maniere afsien om gered te word, sal redding in die Naam van die Here vind. Hierdie woorde gee ook troos aan die hele aarde. Dit is nie net meer die volk Israel wat hulle redding by die Here sal vind nie, maar elkeen wat die Naam van die Here aanroep.

Die Here gee self die rede waarom hierdie mense gered sal word: want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos die Here gesê het. Die wat hulle toevlug tot die enigste lewende God neem en sy Naam gelowig aanroep, sal nie teleurgestel staan nie.